higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

OPPERVLAKELEMENTE TEORIE EN PRAKTIES N4

31 Mei 2021

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

NASIENRIGLYNE VIR EKSAMINATORE

1. Hierdie nasienriglyn dien as 'n gids vir nasieners/eksaminatore en is nie bedoel om absoluut of voorskriftelik te wees nie.

2. Die antwoorde wat in die memorandum verskaf word, is dus nie volledig nie en eksaminatore/nasieners word versoek om hul diskresie tydens nasien te gebruik. Die studente se antwoorde moet binne die konteks van die vraag beoordeel word.

AFDELING A

VRAAG 1

1.1	1.1.1	D		
	1.1.2	H		
	1.1.3	J		
	1.1.4	G		
	1.1.5	E		
	1.1.6	B		
	1.1.7	A		
	1.1.8	C		
	1.1.9	I		
	1.1.10	F		
			(10 × 2)	(20)
1.2	1.2.1	Waar		
	1.2.2	Waar		
	1.2.3	Onwaar		
	1.2.4	Onwaar		
	1.2.5	Waar		
	1.2.6	Onwaar		
	1.2.7	Waar		
	1.2.8	Waar		
	1.2.9	Waar		
	1.2.10	Onwaar		
			(10 × 2)	(20)
1.3	1.3.1	Klein		
	1.3.2	Los matte		
	1.3.3	Seraband		
	1.3.4	Stoellys		
	1.3.5	Herd		
	1.3.6	Kan		
	1.3.7	Rooi		
	1.3.8	Varkhaar		
	1.3.9	Geverfde		
	1.3.10	Breër		
			(10 × 2)	(20)
				[60]

TOTAAL AFDELING A: 60

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 2.1.1

- Natuurlike materiale is dié wat in die natuur
- as organiese of as anorganiese stowwe voorkom.
- Organiese materiale is dié wat van plante en diere afkomstig is.
- Anorganiese (nielewende) en mineraalmateriale is dié wat in 'n natuurlike toestand as grond, klein en klip bestaan.
- Alhoewel albei tipes aangepas kan word, soos om 'n boom (plant) in planke op te sny, of klip in reghoekige blokke te kap, word albei steeds as natuurlike materiale beskou.

2.1.2

- Verwerkte materiale is materiale wat tot verskillende vorms verwerk of vervaardig word,
- byvoorbeeld klei bestaan as 'n natuurlike stof, maar wanneer dit teen 'n hoë temperatuur gebak word,
- word dit tot 'n nuwe materiaal, keramiek, verwerk.
- In die verwerkte vorm het klei nuwe eienskappe
- en bied gebruike wat nie in die oorspronklike toestand moontlik was nie.

2.1.3

- Kunsmatige materiale word deur mensgemaakte prosesse geskep wat nuwe stowwe produseer.
- Plastiek is een van die beste voorbeelde
- aangesien dit kunsmatig van petroleum en chemiese stowwe geskep word.
- Plastiek kom nie as onderskeibare produk in die natuur voor nie, want dit word uit 'n kombinasie van natuurlike elemente vervaardig.
- Materiale wat oor kunsmatige eienskappe beskik en nie in die natuur voorkom nie, word metamateriale genoem.
- Baie hiervan word in gespesialiseerde terreine soos ruimtevaart en elektriese ingenieurswerk gebruik
- wat slim sonkrag,
- bestuur en akoestiese beheermiddels insluit. (Enige 5 × 1)

(3 × 5) (15)

2.2 2.2.1

- Hardehout is van breëblaar- of bladwisselende bome afkomstig wat hul blare in die winter verloor
- soos eik, esdoring en okkerneut.
- Hardehout het gewoonlik 'n fyner grein
- en word vir binne-afwerking,
- paneelwerk,
- meubels
- en afgewerkte vloere gebruik.
- Dit is duurder as sagtehout
- en moeiliker om te vorm, hoewel afwerkings meer suksesvol aan dié hout gedoen kan word.

2.2.2
- Sagtehout is van bladhoudende of dennebome afkomstig wat hul blare en naalde deur die jaar behou.
- Dit sluit seder, denne, en rooihoutvariëteite in.
- Sagtehoute word meestal vir strukturele dele en aldoelkonstruksie gebruik.
- Dit maak gewoonlik die verskuilde dele in die raamwerk van 'n gebou of die subraam van kabinette uit.
- Alhoewel hardehout oor die algemeen harder as sagtehout is, verwys hierdie terminologie nie noodwendig na die werklike sterkte van die hout nie.
- Sommige sagtehout kan harder as hardehout wees.
- Die sagtehout van die geel-den is in werklikheid harder as die hardehout van balsa- en Amerikaanse lindehout.

(2 × 5) (10)

2.3 A Kroonlys
B Prentelys
C Stoellys/Dado-lys
D Dado
E Vloerlys (5)

2.4 **1) Voorbereiding van muurpapier**: Voorbereiding vir die hang van muurpapier is gewoonlik 'n nadeel indien die muur nie kaal is nie en daar 'n bestaande laag muurpapier aan die muur is. Dit is omdat dit baie tyd en inspanning neem om die bestaande muurpapier te verwyder voordat nuwe papier aangebring kan word.

2) Keuse: Die keuse van muurpapier het baie oor die jare verbeter. Sommige nuwe vorm is lewensgetroue nabootsings van klipmure, verf of viniel en dit is moeilik om tussen die twee te onderskei. Die beskikbaarheid van muurpapier maak dit 'n goeie keuse vir mense wat die voorkoms van hul mure wil verander. Die beskikbaarheid van 'n groot verskeidenheid muurpapier is 'n voordeel en lok baie nuwe klante.

3) Duursaamheid: Voordeel – Die duursaamheid van muurpapier is ongeëwenaard en dit kan meer as vyftien jaar hou. Dit maak dit oor die lang duur een van die mees koste-doeltreffende metodes. Dit kan die meeste tipes slytasie hanteer. Dit kan hoë verkeer hanteer en kan die slytasie wat deur kinders veroorsaak mag word, weerstaan. Dit beskerm die mure en is terselfdertyd aantreklik.

Nadeel – Aangesien kleefmiddels gebruik word om die muurpapier aan die mure te bevestig, kan dit maklik as gevolg van die hoë vogtigheid en warmte in kombuise en badkamers loskom.

4) Koste: Die koste van muurpapier wissel baie, soos in die geval van verf. Muurpapier en verf is in verskillende prysklasse en tipes beskikbaar, maar muurpapier kan baie duurder wees as verf wat in die laer tot gemiddelde prysspektrum val.

Verf kan met die nodige leiding deur 'n amateur aangewend word, terwyl dit 'n ingewikkelde proses is om muurpapier te installeer. Dit is ook tydrowend om bestaande muurpapier te verwyder, en dit kan die installasiekoste verhoog. As jy egter goedkoper muurpapier koop en dit self installeer, kan dit die koste tot 'n groot mate beperk.

5) Onderhoud: Onderhoud kan die sukses van enigiets bepaal. 'n Vergelyking van die onderhoud van verf en muurpapier toon dat muurpapier baie makliker onderhou kan word omdat dit hoë druk en verkeer kan hanteer. In ideale toestande kan dit vir meer as tien jaar hou, maar dit is nie 'n goeie keuse waar vog deurgaans teenwoordig is nie, aangesien die kleefmiddel dit nie kan weerstaan nie en die muurpapier kan loskom.

6) Herwinning: Houtspaandermuurpapier word al gewilder en as gevolg van die gebruik van herwonne papier en tekstielpapier wat ongeveer negentig persent daarvan uitmaak. Dit is omgewingsvriendelik en terselfdertyd kan dit verskeie kere herwin word wat help om die grondstowwe wat vir die vervaardiging gebruik word, bewaar.

As gevolg van die gebruik van herwonne materiale, is die koste van houtspaandermuurpapier goedkoop in vergelyking met normale muurpapier, en dit bevorder goedkoper beskikbaarheid vir klante.

7) Omgewingsvriendelik: Muurpapier word hoofsaaklik van materiale vervaardig wat omgewingsvriendelik is. As gevolg van die gebruik van slegs natuurlike bestanddele en die tegnologie wat gebruik word, het dit 'n beter invloed op die omgewing as verf.

Die kleefmiddel wat gebruik word om die papier te hang word ook van stowwe gemaak wat skadeloos is vir die mure en die omgewing. As gevolg daarvan kan die mure lug inasem en bly dit deur die jare in 'n goeie toestand.

8) Aanpassing: Die gebruik van muurpapier maak dit vir mense moontlik om hul huise aan te pas. Daar kan uit 'n groot verskeidenheid patrone, ontwerpe en kleure gekies word wat die beste by 'n mens se huis sal pas. Muurpapier kan, anders as verf, 'n lewendige en ontwerpersvoorkoms skep. Muurpapier kan gebruik word om meer patrone te skep en 'n lewendige voorkoms aan die mure van 'n vertrek te verskaf.

9) Blootstelling aan sonlig: Een van die nadele van muurpapier is dat muurpapier net gebruik moet word om binnemure te versier. Wanneer dit aan sonlig blootgestel word, kom 'n toestand voor wat uitbranding genoem word – die muurpapier aan die buitemure van 'n huis wat konstant aan sonlig blootgestel word kom helderder voor as dié wat aan minder sonlig blootgestel is. (10)

[40]

VRAAG 3

3.1 3.1.1

- Die moderne Axminster-tipe weefstoel beskik oor die vermoë om tapyte van goeie gehalte
- in 'n verskeidenheid kleure en patrone
- te weef en word dwarsoor die wêreld vervaardig.
- Weens die duursaamheid
- word Axminster-tapyte dikwels in landelike wonings, luukse hotelle, vliegtuie en treinwaens gebruik.

3.1.2

- In tradisionele Wiltontapyte loop die pooldrade aaneenlopend in die tapyt
- en word deur middel van drade of hake bokant die oppervlak van die integrale rugwerk uitgelig.
- Wilton-tapyte is dikwels spesialiteitsprodukte en verskillende tipes gare kan gebruik word om verskillende oppervlakteksture te produseer.
- Wilton-weefwerk is nie so veelsydig soos Axminster vir die produksie van tapyte met patrone nie
- as gevolg van die aaneenlopende drade wat afvalgaring aan die agterkant van die tapyt veroorsaak.

3.1.3

- Kelims word geproduseer deur die lengte- en dwarsdrade te vermeng om 'n plat oppervlak sonder enige pool te lewer.
- Kelimweefwerk is tapisserieweefwerk, tegnies gesproke, gewone dwarsdraadweefwerk. Die horisontale dwarsdrade word styf afwaarts getrek sodat die vertikale lengtedrade verskuil is.
- Wanneer die einde van 'n kleurgrens bereik word, word die dwarsdraad van die grenspunt af teruggedraai. Indien die grens van 'n veld dus 'n reguit vertikale lyn is, word 'n vertikale gleuf gevorm waar die twee kleurareas ontmoet. Om hierdie rede kan die meeste kelims as gleufgeweefde tekstiel beskou word. Die gleuwe is gesog onder versamelaars, aangesien die ontwerpe skerp randte vorm, wat die geometrie van die weefwerk beklemtoon.
- Weefstrategieë om gleuwe te voorkom, soos ineenwewing, lewer 'n vaer ontwerpbeeld.
- Die dwarsdrade, wat die sigbare ontwerp en patroon dra, is feitlik altyd wol, waar die verskuilde lengtedrade wol of katoen kan wees. Die lengtedrade is slegs aan die ente sigbaar, waar dit as fraiings saamkom. Hierdie fraiings word gewoonlik in bondels vasgebind om te voorkom dat die weefwerk uitrafel.

3.1.4
- Handgeknoopte matte, wat ook as Oosterse matte bekend staan, word met die hand op 'n gespesialiseerde weefstoel vervaardig.
- Die vervaardigingsproses is uiters veeleisend aangesien die weefproses vereis dat die wewer knope in die mat insit en elkeen met die hand knoop. Die eindresultaat is egter die moeite werd.
- Die wewer doen baie moeite met die tegniek om te verseker dat die gehalte en estetika van die mat behou word. As gevolg van hierdie sorgvuldige konstruksie, sal handgeknoopte matte dikwels vir honderde jare hou in teenstelling met handgepluisde en masjiengemaakte matte.
- Handgeknoopte matte word, weens die moeite wat met die ontwerp en die konstruksie gedoen word, as kunswerke beskou. Omdat handgeknoopte matte nie in massaproduksie vervaardig word nie, is elkeen uniek en 'n direkte weerspieëling van die wewer se kreatiewe ontwerp.
- Hierdie matte is dikwels baie waardevol en kan van geslag na geslag veref word – 'n erfstuk van gehalte wat in nie in baie produkte voorkom nie.

3.1.5
- Bokhara is 'n term wat algemeen gebruik word om Tekke-matte te beskryf.
- Tekke was 'n stam uit die Bokhara-gebied
- in Sentraal-Asië.
- Die ontwerp word oorheers deur rye medalje-agtige vorms
- en omringende geometriese patrone.

3.1.6
- 'n Flokati-mat is 'n handgeweefde, wollerige, wolmat. Die hele mat is van wol, wat die agterwerk insluit waaruit die tapse stringe kom.
- Die maak van flotaki-matte is 'n ou tradisie van die Vlachs in die Pindusberge.
- Die natuurlike kleur van flotaki-matte is amperwit, maar dit kan verskillende kleure gekleur word.
- Nadat die mat geweef is, word dit in 'n koue rivier geplaas om die drade te laat uitstaan.
- Dit word steeds in die berge van Griekeland gemaak en is gesog vir moderne Amerikaanse dekor en kinderkamers.

(6 × 5) (30)

3.2
- Terasso bied oneindige kleurmoontlikhede en die ontwerpvermoëns is eindeloos. Terasso kom in 'n groot verskeidenheid aggregate en afwerkings om by die kleur en die patroon te pas wat die argitek, binneversierders of huiseienaars verkies. Marmer is beperk tot die natuurlike kleur en skakering van die steen.
- Terrasso is dunner en baie sterker as marmer. Witmarmerteëls kan van 3/8″ tot 1/2″ in dikte wissel, terwyl terrasso so dun as 1/4″ gemaak kan word, wat dit 'n dunner materiaal vir ontwerp maak. Weens die taaiheid, kan terrasso tot 75 jaar hou met geringe herstelwerk wat nodig is. Marmerteëls kan maklik aan die kante afsplinter en as dit gebreek is, is dit feitlik onmoontlik om marmervloere behoorlik te herstel en dit is dus nie kostedoeltreffend nie.

- Terrasso is meer buigsaam en kan vooraf gegiet en tot enige vorm en grootte denkbaar in die fabriek gevorm word. Dit stel mense in staat om te ontwerp wat hulle graag wil hê, terwyl marmer ten opsigte van ontwerp en tot die gebruik van sekere vorms beperk is.
- Terrasso is 'n ekovriendelike opsie aangesien dit van herwonne materiale en groen konstruksiemateriaal gemaak word. Hedendaagse argitekte en ontwerpe gebruik terrasso omdat dit as 'n omgewingsvriendelike materiaal gesertifiseer is. Dit word hoofsaaklik van herwonne materiale soos glasskerwe, klippies, kwarts en marmerskerwe gemaak en sodoende help om die aarde se natuurlike hulpbronne te beskerm. Dit is ook vry van vlugtige organiese verbindings wat help om die luggehalte om ons te verbeter. Marmer is 'n beperkte natuurlike hulpbron wat baie energie vereis om te produseer. Alhoewel marmer 'n goeie keuse vir vloere is, kan soortgelyke resultate met terrasso verkry word terwyl dit die omgewing bewaar.
- Terrasso is maklik om te onderhou. Terrasso is bestand teen bakterieë en die meeste chemiese stowwe terwyl marmer vatbaar is verkleuring, wat dit moeilik maak om skoon te maak en te onderhou. Om vlekke in marmervloere te verwyder is dit nodig om behoorlike skoonmaakmiddels te bekom, terwyl terrasso-vloere met 'n mop en warm water skoongemaak kan word. (10)

[40]

VRAAG 4

4.1 Hierdie is oop vrae. Leerders moet inheemse materiale en toepassings soos hout, verseëlde beton, misvloere, ens. voorstel. Nasieners moet hul diskresie in die nasien van hierdie vraag gebruik.

4.1.1	Werkoppervlakke	(10)
4.1.2	Plafon	(5)
4.1.3	Mure	(5)
4.1.4	Vloere	(5)

4.2 Hierdie is oop vrae. Nasieners moet hul diskresie in die nasien van hierdie vraag gebruik. Leerders moet hul kennis oor produkte, akoestiek en klankabsorberende materiale aan die mure, plafon en vloere toepas.

4.2.1	Kabinette	(10)
4.2.2	Plafon	(10)
4.2.3	Mure	(10)
4.2.4	Vloere	(5)

[60]

TOTAAL AFDELING B: 140
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou